BRUCE WILKINSON

YOU WERE BORN FOR THIS

7 KEYS TO A LIFE OF PREDICTABLE MIRACLES 2009

Efesiërs 3:20: Aan Hom wat deur Sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink.

To Him who is able to do exceedingly abundantly above all that we ask or think, according to the power that works in us, to Him be glory.

To Him, who is able to do immeasurably more than all we ask or imagine.

Verwag 'n wonderwerk vandag.
Goeie dade alleen laat nie wonderwerke gebeur nie.

1. Jy is gebore om God se werk deur God se krag te doen

Reageer as die Gees jou 'n leidraad of gevoel gee - reageer as die Gees jou lei na mense en tree op.

Matt 28:20
Handelinge 1:4-8

Moenie vaskyk in jou menslike tekortkominge nie - jy ontvang krag wanneer die Heilige Gees in jou kom - krag is Goddelike aksie - jy kan dit nie met eie krag bereik nie.

Vra vir mense: Waarmee het jy hulp nodig? Dit open die deur vir wonderwerke, selfs in tronke - gevangenes kom tot bekering.

Voorwaardes vir wonderwerke

- Laat die gees oorneem en sukses behaal
- Tree doelbewus in vennootskap met die Gees
- Tree op in geloof en situasies wat menslik hopeloos lyk
- Neem risiko's in geloof met die verwagting dat God dit so wil hê
- Prys God vir verandering en wonderwerke

Jy ondervind 'n persoonlike wonderwerk as God mense se harte raak deur jou gehoorsaamheid en ingryping.
Jou goeie werke vir God = bediening.
Bediening + God se bonatuurlike krag = wonderwerke.

Swak mense kies om God se werk te doen volgens Sy agenda op Sy manier volgens Sy tydsberekening deur Sy krag tot Sy eer. So word wonderwerke deel van daaglikse lewe.

Lewe soos God wil hê jy moet lewe, ervaar Goddelike wonderwerke, wees opgewonde en verbaas oor wat God doen deur jou optrede.

2. Jy is gebore om 'n lewende skakel te wees tussen Hemel en Aarde

- Die geestelike Hemel en materiële Aarde is direk gekoppel en God soek vrywilligers om Sy werk te help doen.
- Hou vergadering met God en stel 'n aksieplan en stappe op vir elke dag. Jesus het die voorbeeld gestel omdat God altyd aan die werk is - die Seun kon niks regkry sonder die Vader se voorbeeld en hulp nie. Jesus is nie meer op aarde nie en die Gees help vrywilligers om Hemelse werk te doen.
- God het 3 opsies om Sy werk te laat doen:
  1) Persoon soos 10 gebooie aan Moses
  2) Engel soos Gabriël om met Maria te praat
  3) Mense wat gehoorsaam is
- Almal sien geleenthede om God te dien, maar min doen dit.
- Gebed is verkeerd as jy jou wil en behoeftes op Hom afdwing.
- Gebed is dikwels verskoning om nie self aksie te neem nie.

<u>Sleutels om gawes te ontsluit</u>:

1. <u>Meester</u> - stel jou beskikbaar, vasbeslote om te reageer op wenke vanaf God, maak deur oop vir lewe van wonderwerke.

2. <u>Mense</u> - spesifieke persone op jou pad, deel God se liefde vir mense.

3. <u>Gees</u> - maak staat op krag van Heilige Gees om wonderwerke te doen, nie op menslike krag, beleef self hoe wonderwerke gebeur, bly nederig.

4. <u>Risiko</u> - neem risiko van geloof, vertrou God vir uitkoms, verminder twyfel en ongemak, Hy sal brug bou tussen jou pogings en Sy wil, God kry alle eer.

- Christelike groei kom net deur Bybelstudie, gebed, byeenkomste, deelname, diens, gehoorsaamheid, toewyding, blydskap - sleutes bring doelbewuste vennootskap met God.
- Gebruik van sleutels is nie waarborg vir wonderwerke, maar verhoog die kanse baie - met oefening sien jy meer geleenthede raak en leef nader aan God.

1. MEESTER

Jou aksie open deure vir ww, kry nuwe werksbeskrywing - stel jouself beskikbaar vir God, bid en doen wat Hy verlang - Jesus het ons almal gestuur, maar min is gehoorsaam - sien geleenthede raak - God sit nie agteroor en luister na engelgesange nie, Hy stuur gehoorsames om mense na God te lei. God stuur ons na mense vir wie ons kan help - lees bv jou Bybel in die openbaar en God mag iemand na jou stuur.

ALGEMENE SIENING

A Beskikbaar en gewillig
+ Wonderwerke is God se werk

NUWE HOUDING

B Vra om gestuur te word
+ My verantwoordelikheid deur die Gees

Ons is God se afleweraars van goedheid en glorie - word nuwe leefstyl - kan 'n paar keer per dag iets van God aflewer - nuwe uitdagings.

STAPPE

1. Verbeel jou jy is in die Hemel om aan te meld vir diens.
2. Vra om deur God gestuur te word.
3. Reageer bewustelik op leidrade en geleenthede sonder om afgelei te word deur verskonings, veralgemenings, onsekerheid, luiheid, redenering.

4. Vertrou God aktief dat Hy ‘n wonderwerk deur jou sal laat gebeur.

Verlaat die Hemel en wees gereed vir aksie, verwag onmiddellike resultate. Ontdek God se agenda vir jou dag.

2. MENSE

Elke wonderwerk begin by ‘n persoon in nood - maak God se hart vir mense jou eie - enige persoon en enige tyd - los jou eie agenda vir God s’n - God doen die wonderwerk - ons rol is om mense te dien (soos Jesus ons kom wys het). Laat die persoon, plek, aard, tyd van wonderwerk aan God oor. Jesus se mense was Saggeus, Samaritaanse vrou by die put, verlamde man deur die dak laat sak, Nicodemus, vrou met bloedvloeiing, ens - geleenthede kom wanneer dit ons die minste pas - kan elke persoon wees wat ons ontmoet, nie mense wat maklik is nie, nie op geleë tye nie, wanneer ons moeg is, besig met God se werk, wanneer ons af is, ens.

Jona, profeet in Israel, moes na Nineve gaan - waarsku Assiërs dat God hulle sal vernietig as hulle nie omdraai nie - aggressiewe volk van afgodedienaars, vyande van Israel, Jona luister nie, skip, storm, walvis, 3 dae later spoeg walvis vir Jona uit - gaan na Nineve - al 120 000 mense kom tot bekering - God spaar hulle van uitwissing - Jona is kwaad en stry steeds met God - wil steeds sy eie agenda volg.

God wys Sy liefde vir ons deur Sy Seun te laat sterf in ons plek terwyl ons nog sondaars was (Rom 5:8).

Moenie mense blindelings dien ter wille van mense nie - lei tot uitbranding. Dien God en hou jou oë op Hom.

Wat jy ookal doen, doen dit vir God en nie vir mense - Kol 3:23.

ALGEMEEN

A Besig met goeie dade
+ Moet eers wonderwerk beleef
+ Dien ander as hulle dankbaar is

NUUT

B Wees wakker vir nuwe geleenthede
+ Lewe as deel van God se plan
+ Dien God al is mense ondankbaar

KONTRAK MET GOD

Neem jou voor om God te gehoorsaam eerder as jou eie planne te maak.
Volg die voorbeeld van Jesus as diener.
Sien elke persoon as ‘n potensiële wonderwerkgeleentheid.
Laat God die plek en tyd bepaal.
Laat vaar jou eie voorkeure, regte, verwagtings
Moenie dankbaarheid verwag nie
God bepaal my werke om wonderwerke te laat gebeur
Ek sien andere deur God se oë met behulp van die Gees
Geen persoonlike voorkeure nie

HANDTEKENING DATUM

As ek God se agenda volg, sal Hy baie geleenthede skep vir wonderwerke.

3. HEILIGE GEES

Bediening sonder die Gees is bloot ons eie beste pogings - bediening met die Gees laat wonderwerke gebeur - dit is hoe 'n gewone mens 'n bonatuurlike wonderwerk kan laat gebeur - word vennoot van hemelse vennoot om God se werk elke dag te doen - slegs God kan wonderwerke doen - ons is Sy instrumente - wie wil jy as buurman hê? Jesus of Gees? Jesus stuur die Gees as Helper (Joh 16:7). Troos, Waarheid, Eer Jesus, Werk oral, Verander harte, Bring bekering - Petrus se gebed laat lam man loop deur krag van Gees - Handelinge 3:6 en 12.

Jesus was persoon op een plek - Gees is oral.

Gees ken almal se behoeftes, Hy ken ons sterk- en swakpunte, ons vrese en beperkings, Hy stuur ons na die regte mense, Hy gee ons rigting en leer ons wat om te sê (Ps 32:8). Gees word gelei deur Vader om Jesus te eer, Gees gee ons krag en wysheid - dissipels was onopgelei en bang, maar kon met Israel se geestelike leiers praat deur die krag van die Gees - Gees doen die wonderwerk - ons is bevoorreg om deel te wees, maar ons moet die praktiese werk doen deur getuienis, passie, hulp.

Wanindrukke oor die Gees verhoed baie Christene om deel te word van gehoorsaamheid, bv

ALGEMEEN

A Gees is ontwykend, onvoorspelbaar
+ Gees laat my naby God voel
+ Ek kan alles self doen
+ Ek is nie begaafd of opgelei

NUUT

B Gees is werklike vriend
+ Gees help my om God se werk te doen
+ Gees laat alles gebeur
+ Gees is vir almal beskikbaar

SKRYF BRIEF AAN GEES

Erken Sy rol, vra om verskoning vir vorige eie pogings, het verwag pastore moet die werk doen, erken bonatuurlike ingryping is nodig, erken eie pogings en foute, wil verander en God se werk begin doen, vra hulp en leiding. ONDERTEKEN
Hoe meer jy die vennootskap met die Gees bou, hoe meer sal Sy Krag deur jou losgelaat word - jy kan nie die onmoontlike alleen verwag nie - jy word 'n toegewyde spanlid - jy word 'n gunsteling afleweringsbode.

4. RISIKO

Neem risiko's van geloof in afhanklikheid van God - bied jou hulp aan, praat met mense, vertrou God in geloof, geloof is om te glo dat God sal voorsien sodat Sy werk gedoen kan word, ons is heeltemal afhanklik van God - risiko is doelbewuste aksie ten spyte van ongemak en vrees - glo dat God die brug sal bou anders kan jy 'n wonderwerk verhoed - ons word beperk deur ongeloof - as jy die geloof so klein soos 'n mosterdsaadjie het, kan jy berge laat beweeg en niks is onmoontlik nie.

Ons geloof is direk verbind tot die moontlikheid van wonderwerke - omvang van geloof bepaal omvang van wonderwerk.

Wat verhoed wonderwerke? Ongeloof, onaktiwiteit, Petrus loop op die water omdat hy risiko geneem het en daarom het net hy die wonderwerk beleef - neem sy oë weg van Jesus en sink (Mat 14:30) - soos baba wat leer loop - hou oë op Pa.

Risiko is om te probeer wat onmoontlik lyk - geloof is aanhoudend en om oë op God te hou - maar jy moet die eerste tree gee.

Om God te vertrou is teen ons instink, ondervinding, logika.

ALGEMEEN

A Glo net in God
+ Moenie God beproef nie
+ Onttrek as jy bang word

NUUT

B Beoefen jou geloof deur risiko's te neem
+ Risiko van geloof is nodig
+ Gaan voort al is jy bang

Risiko beteken daar is geen waarborg vir sukses.
As ons bang en onseker is, hou ons gewoonlik op.
Vrees is die gevolg van ongeloof - ongeloof is om nie vir God te glo nie.
God het alles vir jou gedoen en jy vertrou Hom steeds nie.
Ons moet soos Petrus uit die boot klim.

5 STAPPE OM GELOOF TE KRY

- Glo dat God is wie Hy sê Hy is
- Erken dat ongeloof sonde is en vra om verskoning
- Onthou hoe God jou en ander al voorheen gehelp het
- Hou jou oë op Jesus en nie op jou omstandighede/emosies nie
- Probeer doelbewus om risiko's van geloof te neem

Jy word nou gereed vir wonderwerke, jou horison van God verbreed, jy word meer riskant omdat jy meer glo, jy soek geleenthede.

HOE OM 'N WONDERWERK TE LAAT GEBEUR

TEKENS

1. **Goddelike teken (NUDGE)** na 'n persoon, plek, daad: Visueel, denke, droom, ander mense, woordeloos, onverwags, buite verband, subtiel, maar duidelik, soms ongemaklik, jy kan onwillig wees, aangeleerde vaardigheid, dra altyd vrugte, reageer dadelik, kom van God.

2. **Openbaarmaking** kom van ander peroon, woorde, lyftaal, trane, glimlag, emosies, gesigsuitdrukkings - net soos verkoopsagente, prokureurs, beraders, diplomate, maatskaplike werkers leer om te reageer op tekens - oefen om mense waar te neem, kom vanaf mense.

3. **Vraagstelling** om meer sekerheid te kry, kry meer inligting, neem inisiatief, kom van jou af, gepas en aanvaarbaar, volg op waarneming, stel "open-ended" vrae, hoe kan ek jou help?, wat wil jy verander?, wat is jou grootste probleEm?, wat verlang jy van God?, wat maak jou kwaad?, wat sou Jesus doen? - wees sensitief, uitnodigend.

4. **Skielike insig (PROMPT)** - neem ‘n geloofsrisiko, vertrou die Gees, kan vrede voel of angstig - jy weet nie vir seker wat gaan gebeur nie.

5. **Vreesgevoel** = teken vanaf jouself - soos waarskuwingslig - buite jou gemaksone - hoekom ek? - ek kan nie slaag nie, wat sal ander sê? - oorwin vrees deur geloof - aktiewe vertroue op God - word lewenstyl - aktiveer vennootskap met God - normale reaksie is vlug of uitstel - neem geloofspronge ten spyte van gevaar - waag in geloof. Dit is hoekom jy gebore is - God wil jou as vennoot hê, maak die lewe baie opwindend - verbasing, dankbaarheid, eer aan God, jubelend.

STAPPE

1. **Identifiseer die persoon** - ontvanger van wonderwerk, lees tekens, God voorsien die persoon, gewoonlik is dit baie duidelik, wees vriendelik en bedagsaam.

2. **Bepaal die nood, probleem of behoefte** - mense het baie probleme, bepaal prioriteit en fokus daarop - kry vrede van God - as jy hulp aanbied moet jy ook hulp kan gee - Jakobus 2:15 en 16.

3. **Mik vir die hart** - wys opregte belangstelling, begrip, empatie, warm, nie-veroordelend, luister, moenie argumenteer, aanvaar persoon soos hy is, hou oogkontak, praat sag, gebruik stilte, wees ontspanne, wys jy luister, draai kop skuins, vra vrae oor gevoel, plaas jouself in sy skoene en sê dit.

4. **Laat wonderwerk gebeur** - ons rol is om te fasiliteer en uit te nooi, ons het die weg voorberei, tekens gesien, persoon gekry, behoefte vasgestel, nou neem God oor, ons kan ontspan, vertrou God vir aksie, fokus doelbewus op God se leiding, fokus op persoon en nie jouself - God bepaal of persoon iets ontvang, iets moet laat gaan, ‘n wilsbesluit neem, die lig sien oor lewenskwessie, sien weerstand raak, vra vrae om kol te tref - laat die Gees deur jou praat en ontspan, noem ‘n Bybelvers wat opkom, wees sag, simpatiek, laat God die hart tref, wees rustig en geduldig, bid saggies binnetoe, persoon moet ophou veg en moet oorgee, God laat dit gebeur, gebed is altyd belangrik, persoon weet gewoonlik eerste van wonderwerk.

5. **Gee God die krediet:** Plaas kollig op God, wys dankbaarheid, 10 melaatses (Luk 17:15), vertel vir ander met ‘n harde stem, vra persoon wat het gebeur, wat was behoefte, wat het God gedoen, erken en bedank God vir verandering - ons taak is om God te eer vir wonderwerke - nie opsioneel - tyd vir feesvier, jubel en juig.

OPSOMMING:
Wonderwerke gebeur deur: Identifiseer, Isoleer, Maak oop, Lewer af, Krediet.

DEEL 4

3 SLEUTELS TOT SPESIALE WONDERWERKE

- God kan jou afsonder vir spesifieke situasies
- Begin en eindig gewoonlik met gesprekvoering
- Spesiale behoefte word bekend
- Gebruik Bybelse waarhede om aksie te beskryf

- Dieselfde stappe in volgorde
- Voorspelbare uitkoms
- Weet wat God wil hê

1. **GELD:** seminaar Johannesburg - Bruce en seun - roomys, kombuis toe, kelnerin doen moeite, gee groot fooitjie - 3 minute later - ken Jesus, geld presies genoeg vir huur anders op straat volgende dag met baba - wonderwerk - het gebid op pad werk toe - gebed verhoor.

- God skep geleenthede en werk agter die skerms.
- God gee leidrade.
- God reël die wonderwerk en kry die dank en lof.

Jesus was tussen arm mense - voed hulle, help met belasting, ontvang uit hulle armoede.
God wil hê ons moet ons geld gebruik om Hom te eer deur wonderwerke.
God stuur jou na mense met 'n finansiële nood - voorspelbare uitkoms.
1 Tim 6 - wees gereed om te gee en te deel.
Spr 19:17 - wie vir armes gee, leen aan God - God gee terug.
Markus 9:41 - skenking van water sal teruggegee word.

- Behoefte/gebed/bedrag/geleentheid/tyd/persoon/oorhandig/prys God.
- Baie het geldelike nood - min skenkers - geld is God s'n.
- Hou 'n aparte Godbeursie - besluit oor bedrag - spesifiek vir geldelike wonderwerk - sit geld opsy en skenk aan God - hou geld apart - wag vir Goddelike leidraad en wees gehoorsaam - vertrou God vir leidraad - gee met blydskap, vryheid, verwagting - geld behoort reeds aan God - moenie die geld self in noodgeval gebruik nie - kan baie emosioneel wees.
- Horlosie/Wes-Amerika/Negervrou/koop/gesprek/dink aan God elk keer as jy na horlosie kyk/God stuur Bruce van Atlanta af om persoon deur horlosie na God te lei.
- Gebruik geld in God se fonds net wanneer God jou lei.

Stappe: Identifiseer persoon, bepaal behoefte, open hart en laat persoon God se ingryping besef, lewer wonderwerk af deur geld te gee, gee God al die krediet.

Voorbeeld: Charles se voortande, karwag, swak selfbeeld, emosionele reaksie. Jy is Hemelse bankteller, moenie self die dank en eer ontvang nie.

Vrae:
Moet jy nie liewer geld in geheim gee nie? God se werk, geld, wonderwerk, God word openbaar gemaak, laat jou lig so skyn dat God verheerlik word.

Wat as ek die geld vir die verkeerde persoon gee? Met oefening leer ons om die tekens raak te sien.

Wat gebeur as die geld verkeerd spandeer word, bv dwelms? Vertrou God vir vooraf werk, leer uit jou foute en verkeerde oordeel.

<u>Gaan soms oorboord</u>
Berei feesmaal vir armes, kreupeles, blindes, verlamdes en jy sal geseën word (Lukas 14:13). God betaal jou terug as mense nie kan nie - vertrou onvoorwaardelik - neem risiko's, maak God sigbaar - jy is gebore om Sy goedheid openbaar te maak.

2. DROME

Maak lewensdrome waar - tehuis vir verslaafde vroue - lewe sonder doel en hoop as daar geen verandering is nie - word nederig, geïnspireer, dankbaar - hulle lewe een dag op 'n slag - drome is ver weg - huis, gesin, werk, liefde, vertrou - God wil hê elkeen moet haar lewensdroom bereik al lyk dit onmoontlik - moet hindernisse een-vir-een oorkom, moet telkens weer begin veg - moenie moed opgee nie - kry weer passie en lewensdoel - word wakker en positief - soos blommeprag in die lente.

Groot droom is om iets spesiaals te wees en te bereik - dit wat God vir jou beplan het - watter persentasie lewe hulle groot droom? Baie lewe negatief, in depressie, ongelukkkig, verslawing, woede, apatie, jaag geld na. Kry energie deur hoop en visie - op koers al is die pad stamperig. Sonder God is lewe koersloos en vreugdeloos - God het ons gemaak om Sy werk te doen deur Sy krag - God gebruik jou om ander se lewensdroom waar te maak.

GESTUURDES **MET 'N HART VIR MENSE** **WAT DIE GEES AS VENNOOT HET**
MASTER **MENSE** **GEES**

WAT GELOOF HET
RISIKO

Kan drome vir ander laat waar word.
As jy jou rol ken en toepas sal God wonderwerke deur jou laat gebeur. Droom is deurbraak wonderwerk - verwarring word helderheid, apatie word motivering en aksie, stilstand word beweging - jy word onvergeetbare geskenk van God - wees proaktief om God die droomwonderwerk te laat gebeur - jou droom is reeds bereik en daarom kan jy dit gee vir ander.

Jeremia 1:4 en 5: God weet doel, dan kry hy persoon om doel te bereik.

Page & Brin: organiseer inligting en maak dit toeganklik = Google.
God benodig jou om Sy Planne uit te voer.
Alles is God se gawe - kragte en verstand, swakhede.

Ps 139:15-16: jou lewe is beplan.
- jy moet jou lewensdoel ontdek
- God het jou gemaak vir 'n spesifieke taak
- sonder lewensdoel is lewe sinies, vasgevang, vreugdeloos, leeg
- met God se krag is die lewe opwindend en positief en vol

Efesiërs 2:10: Jy is gemaak vir goeie werke - as jy dit nie ontdek nie, bly God se werk onvoltooid en jy voel nooit bevredig en opgewonde oor die lewe nie. Jy is unieke werker vir God en nie 'n ongeluk nie - gryp die geleentheid en lewe voluit - daar is geen werkloosheid in God se personeel - help ander om voluit te lewe vir God.

1 Sam 25:32: Abigail word gestuur na Dawid deur God - sy word God se boodskapper om Dawid te herinner aan sy doel - God stuur mense op ons pad en ons hoef nie te soek na hulle nie.

STAPPE:

1. Identifiseer die persoon deur gevoel of leidraad.

Vra: Leef jy jou droom uit?

2. Isoleer die behoefte of nood.
   Vra: Wat was jou drome toe jy jonk was?

3. Open sy hart.
   Vra: Vra God om jou droom te laat gebeur.
   Vergelyk droom met werklikheid - bepaal stappe.
   2 Tim 1: 6-7: oorkom jou vrese.

4. Lewer wonderwerk af.
   Jy doen voorbereiding, God doen wonderwerk.
   Houding verander en persoon jaag weer drome na.
   Vertrou God vir resultate al weet jy dit nie.
   Wys op sy gesig en deur emosies.
   Hou aan bemoedig en ondersteun.

5. Gee krediet aan God.
   Vra: Voel jy God se aandeel en teenwoordigheid.
   God sal jou verder help om jou droom te bereik. Filipp 3:12-15.

3. VERGIFFENIS

- dit is soos om iemand daagliks uit tronk te laat kom.
- haat, woede, wraak hou normale mense gevange.
- bv. gesin van 7, Kersdag, geen kos of werk, siekte, kind (2) verdrink, babawagter slaap, broer luister musiek, bure se swembad - 18 jaar gelede praat nou eers daaroor, blameer almal en God - ma moes gaan werk - vergiftig almal se lewens, huwelik verbrokkel, seun verslaaf, niemand wys liefde of lag - vra of hulle weer gelukkig wil wees - help hulle deur die stappe van vergiffenis.
- vergiffenis bring genesing.
- ons lewe in sonde, pyniging, swaarkry, verwyte, woede, bitterheid.
- vergewing is teen ons menslike natuur - gee geskenk aan dief wat by jou steel, dronk bestuurder wat jou kind doodry, ouers wat kinders verlaat, seksuele molestering, ontrouheid, bedrog.
- voorbeeld:
  - sny voet op strand - kry infeksie - keer genesing deur nie wond te behandel.
  - hartseer vergiftig jou hele lewe as dit nie behandel word nie.
  - pyn, bitterheid, haat, woede, afsku, wraak.
  - kan nie projekte voltooi - pa het perfeksionisme verwag - vergewe pa en kry perspektief.
- vergewing is baie belangrik vir God - Onse Vader gebed.
  Matt 6:14: God sal jou vergewe as jy eerste vergewe
  Matt 18:21: Hoeveel keer? 70 x 7 = onbeperk
  Matt 18:32: Slaaf word vergewe, maar wil nie ander vergewe
  Matt 18:35
- ons dra self die pynlike gevolge as ons nie ander vergewe.
- Bevry jouself van die verlede deur te vergewe.

5 STAPPE OM VERGIFFENIS TE LAAT GEBEUR

1. Identifiseer die persoon

Negatiewe optrede of gevoelens, self-vernietiging - vra oop vrae.

2. **Isoleer die behoeftes of nood**
   Kan nie al die pyne gelyk hanteer nie - wie, hoe, wat was ergste - fokus op 1, empatie, vertroulik, bly kalm, troos.

3. **Open die hart**
   Verwyder wraakgevoelens, begeerte na geregtigheid en weerwraak, gebruik Matt 18 - Jesus, Justice, Jail - fokus op persoon en kyk in sy oë.

4. **Lewer af**
   Praat voor en laat hom woorde herhaal, noem spesifieke wonde, vra oop vrae oor pyn, wees geduldig, vergewe elkeen apart, gebruik stiltes.
   Sê: God is my getuie, ek het vergewe en is vry.
   Dit bring dadelik verligting en vrede.

5. **Gee aan God die eer**

   God was teenwoordig, Hy genees harte, Hy maak die onmoontlike moontlik, Hy neem pyn weg - erken dat woede en wraak sonde was en God vergewe jou daarvoor.
   Een wonderwerk lei gewoonlik tot ander.

   <u>Voorbeeld</u>:
   Jack die kelner benodig R100 vir onderhoud - uit sy vrou - haat en woede - parkeerterrein na ete - vergewe sy vrou - gaan terug na haar en trou weer - een wonderwerk lei tot ander. Denver. Beter om te gee as om te ontvang was gesprek aan tafel - demo. Vra Jack of hy R100 wil ontvang of nagereg uit eie geld wil koop - Jack het R100 nodig vir onderhoud - 3-jarige seun - gee nog R200 as tip - neem R100 - R200 was om te betaal vir nagereg.

   <u>Voorbeeld</u>:
   Jimmy die nutsman kan alles met sy hande doen - woon konferensie van Bruce by - Nick = skrynwerker by nuwe gebou - Jimmy vra waarmee hy kan help - red Nick se huwelik - Jimmy vra hom om huis toe te gaan en dubbelbed op te maak - red so die huwelik deur wonderwerk.

   <u>Voorbeeld</u>:
   2002: Bruce en Darlene word geroep na Afrika - Bruce was hoogs suksesvolle lektor, leier, internasionale spreker, skrywer, TV prediker. In Afrika hanteer hy armoede, honger, vooroordele, VIGS, weeskinders - wonderwerke gebeur - Jabez se gebed = vergroot my grondgebied om God se werk te doen - gevestigde Christen glo die minste in wonderwerke.

   <u>Voorbeeld</u>:
   Konferensie 80 mans - aandsessie 30 minute - voel aan Owen het krisis - gaan vra hom in vierde ry - ontken, gaan aan, nudge, neem stoel na Owen en vra hom weer - verbaas en vererg - wil weet hoe Bruce geweet het van sy krisis - God weet.
   Suksesvolle sakeman geroep vir bediening - gee vanaand op - het alles verloor en skuld $16 000 - God het geroep en dit was nie ‘n beroepsverandering nie - het geen keuse as om tou op te gooi nie - nie God se keuse - Heilige Gees voelbaar in vertrek -

emosioneel - besluit om nie bediening te beëindig - almal bid saam as groep vir Owen - Own bid nederig - leier bied aan om $1 000 te skenk om Owen te help - vra vir Bruce of hy ook sal help - almal maak sakke leeg en Owen kry $16 000 in kontant - geen verdere lesing maar wonderwerk neem baie langer as 30 minute - baie beter as lesing.

Voorbeeld:
John, sakeman, besoek groepie in tronk - verwag wonderwerke - groei van 12 na 27 - Terrence wil dogtertjie ontmoet - ander wil jeugkamp help reël - ander reël bediening vanuit tronk - geharde misdadigers kom tot bekering - begin bediening in tronk.

OPSOMMING

Meet hoe jou siening verander het:
- wonderwerke kan daagliks deur gewone mense deur God gedoen word.
- alle mense het behoeftes en nood wat jy moontlik kan verlig.
- hemel is reeds hier op aarde deur vir God te werk.
- God wil wonderwerke deur jou laat gebeur en jy is ‘n Hemelse agent.
- Jy kan die wêreld help verander deur God se krag.
- Die Gees is ‘n Persoon en jou Vennoot.
- Afsprake is daagliks moontlik deur tekens, gevoel en leidrade.
- Elke dag is ‘n nuwe geleentheid vir ‘n wonderwerk.

Lukas 5:20-26 - verlamde man genees.

Jy is ‘n gestuurde wat God se hart vir mense deel en saam met die Gees werk deur risiko’s in geloof te neem.

1. Wees beskikbaar en gereed.
2. Neem aksie as die tekens daar is.
3. Groei deur ondervinding, Bybellees, groepe, toepassing.
4. Vermenigvuldig en motiveer ander, vertel jou eie ondervindings.
5. Getuig van God se wonderwerke.